

GROEIGROEP MATERIAAL

KERK-IN-SUID

*Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.
- 1 Petrus 2:5*

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel. Daarom is eensgesindheid belangrik en dat ons as lewende stene een doel voor oë sal hou - die missie waarop God ons (die kerk) op sit.

Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig.



TEMA Lewende Steen - Ek sal verenig...

SONDAG 18 Oktober 2020

OPENING

Hoekom dink julle as groep is daar soms soveel oneenheid tussen mense?

KOM ONS BEGIN

As lewende stene moet ons eenheid bring. Wat vra dit van ons om eenheid te bring? Wat is die karakter eienskappe van iemand wat eenheid bring?

Die Here het self aan die dissipels ‘n antwoord gegee toe hulle hom uitvra oor wat die belangrikste gebod is. Hy antwoord hulle met die volgende woorde in MARKUS 12:29-31 NLV

Jesus het hom geantwoord: “Die belangrikste gebod is die volgende: ‘Luister, o Israel, die Here ons God is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart, met jou ganse siel, met jou totale verstand en met al jou krag.’ Die tweede gebod is net so belangrik: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Hierdie twee vorm saam die allerbelangrikste opdrag.”

Hoe help hierdie woorde ons vandag om in eenheid te leef?

KOM ONS LEES

Johannes 13:31-35

INHOUD & GESPREK

Ons lees in Johannes 13:31-35 van ‘n nuwe gebod. Wat staan vir jou uit?

“Ek gee julle ‘n nuwe gebod: Julle moet mekaar liefhê. Net soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê.”

Wat maak hierdie gebod in Johannes 13:31-35 “nuut” as ons ook van hierdie opdrag in Levitikus 19:18 lees?

*“Jy mag nie wraak neem of ‘n grief koester teenoor jou volksgenoot nie,
jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.” – Levitikus 19:18*

Ten spye van die verraad en verloëning wat Jesus ervaar, kies hy om eerder te bou as te breek. Wat leer ons by Jesus hoe hy moeilike situasies hanteer? (wanneer ander oneenheid bring)

TEMA Lewende Steen - Ek sal verenig...

SONDAG 18 Oktober 2020

Binne Johannes 13:34 hoor ons ook die woorde: *"As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."* Wat sê hierdie woorde vir ons van gemeente-wees?

Martin Luther King Jr skryf die volgende woorde:

"Love is the only force capable of transforming an enemy into a friend"

Hoe help hierdie woorde ons vandag?

MAAK VAS

Gesels saam oor die volgende woorde wat uit Tim Keller se boek "The Beautiful Community" aangehaal word. Help dit ons om oor ons rol te dink as dit by eenheid kom?

"It is the unified people of God whom the Spirit uses to reach the far ends of the earth with the gospel—even Rome! In other words, unity is not simply the work of the Spirit but the very instrument through which the Spirit works"

We discover unity around God's purposes, not around a personality. You can have unity without uniformity. Does God want us all to be alike? No. Does God want us to be unified? Yes. Ten times in the first five chapters of Acts it says, "They were of one accord. They were unified... They were all together... They were of one heart...of one spirit."

TEMA Lewende Steen - Ek sal verenig...

SONDAG 18 Oktober 2020

NOTAS

